## 15.4 RAPPORT 4 – DEPUTATE DIAKONALE SAKE – GLENZICHT AFTREE OORD (Art 79)

## 15.4 REPORT 4 – DEPUTIES DIACONAL AFFAIRS – GLENZICHT RETIREMENT HOME (Art 79)

A. Ds AJ Dednam stel die Rapport.
Rev AJ Dednam tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| **1. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **1. Matters that the Synod takes note of** |
|---|---|
| 1.1 Sedert November 2021 is daar heelwat skuiwe gemaak by Glenzicht Aftree-Oord. Na 5 jaar is daar ‘n nuwe span wat die Deputate Diakonale Sake se belange by Glenzicht Aftree-Oord bestuur en die wyse waarop die sake nou hanteer word het drasties verander. | 1.1 Since November 2021 there have been a number of changes at Glenzicht Retirement Home. After 5 years a new team took over the management of the interests of the Deputies Diaconal Affairs at Glenzicht Retirement Home and such management has changed drastically. |
| 1.2 Hierdie skuiwe blyk om baie belowend te wees en dat die bate tans optimaal in die belang van die SDDS maatskappy en dienooreenkomstig in die belang van die Deputate Diakonale Sake se belang bestuur word. | 1.2 These changes seem really promising and that this asset will be managed to the greatest benefit of the SDDS Company and in the interest of the Deputies Diaconal Affairs. |
| 1.3 ‘n Beduidende wins word geprojekteer vir die volgende finansiële jaar. Marktoestande, ekonomie en beskikbare eiendomme om te verkoop speel wel ‘n deurslag-gewende rol in die bereiking van hierdie doelwit. | 1.3 Significant profit is projected for the next fiscal year. Market conditions, the economy and properties available for sale do however play a huge role in reaching this goal. |
| 1.4 Alternatiewe gebruike vir die spasie van die sogenaamde versorgings-eenheid word tans ondersoek aangesien dit weens beperkte spasie nie volhoubaar bestuur kan word nie en ook nie aan departementele vereistes voldoen nie. Die versorgingseenheid is vir die laaste paar jaar glad nie meer operasioneel nie. | 1.4 Alternative uses for the so-called care unit are currently being investigated, since the limited space prevents its sustainability and because it does not comply with departmental requirements. The care unit has not been operational for the past number of years. |
| 1.5 Die voorgestelde oplossing is om hierdie spasie te omskep in wooneen-hede/woonstelle. | 1.5 The suggested solution is to turn this space into dwelling units/apartments. |
| 1.6 Die bovermelde veranderinge skep ook die geleentheid om verdere ondersoek in te stel na fonds-genererende projekte ten bate van die werk wat deur die Deputate Diakonale Sake verrig word. | 1.6 The abovementioned changes also create the opportunity to further investigate fundraising projects for the work of the Deputies Diaconal Affairs. |
| 1.7 Die fokus val daarop om Glenzicht Aftree-Oord op so ‘n manier te bestuur dat diakonale inrigtings en ander diakonale werk waarmee die Deputate | 1.7 The aim is to manage Glenzicht Retirement Home in such a way that it may in the long term financially support diaconal institutions and other diaconal work of the Deputies Diaconal Affairs. |

| | |
|---|---|
| Diakonale Sake besig is, in die lang termyn finansieel ondersteun kan word. | |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.7 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.7 noted.** |
| **2. Sake waaroor die Sinode besluit** | **2. Matters that the Synod decides on** |
| 2.1 Dat die staande opdrag aan die Deputate Diakonale Sake ten opsigte van Glenzicht Aftree-Oord soos volg sal lui: | 2.1 The set instructions to the Deputies Diaconal Affairs in regard to Glenzicht Retirement Home is to be amended as follows: |
| 2.1.1 Die bestuur van Glenzicht Aftree-Oord setel in die direksie van die SDDS Maatskappy. | 2.1.1 The management of Glenzicht Retirement Home is seated in the board of directors of the SDDS Company. |
| 2.1.1.1 Die direksie sal kwartaalliks op die vergadering van die Deputate Diakonale Sake terugvoer gee oor alle aspekte van Glenzicht Aftree Oord. | 2.1.1.1 The board of directors will report on all aspects related to Glenzicht Retirement Home at the quarterly meeting of the Deputies Diaconal Affairs. |
| 2.1.1.2 Finansiële administrasie van verkope word deur die Admin Buro hanteer. | 2.1.1.2 The financial administration of sales are done by the Admin Bureau. |
| 2.1.2 Die fondse wat gegenereer word uit die Glenzichtprojek moet deur die Deputate Diakonale Sake aangewend word om hulle opdrag getrou uit te voer. | 2.1.2 The Deputies Diaconal Affairs must apply the funds generated by the Glenzicht project in faithful accordance with their duties. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.2 goedgekeur.** | **Decision: Points 2.1 to 2.1.2 approved.** |